

PROSEDURE VIR OPRUIMING NA DIE STORT VAN KLEIN HOEVEELHED CHEMIESE MATERIAAL

1. **Beperk gestorte materiaal** so goed as moontlik m.b.v. absorberende papier/sand of geskikte chemikalieë. As vloeistof uit 'n houer gestort is, moet die houer dadelik regop geplaas word om verdere verspreiding van die vloeistof te verhoed.
2. **Laat weet alle personeel** in die laboratorium van die stort van chemiese materiaal.
3. **Blokkeer alle afvoerpype** om verspreiding na die omgewing te verhoed.
4. **Skakel alle elektriese apparaat** in die omgewing van die gestorte materiaal af.
5. **Sper die gebied af** en beheer toegang van onnodige personeel.
6. **Help enige persoon** wat aan chemiese kontaminasie blootgestel is.
7. **Noodhulpkissie en stortingshouer** is by tegniese personeel beskikbaar in kamer A31 I.
8. **Opgeleide noodhulpbeamptes** is in die departement beskikbaar.
9. **Tegniese personeel** sal indien hulp benodig word, USBD kontak.
10. **Ruim die gestorte materiaal soos volg op**
 - a) Trek beskermende klere, veiligheidsbril, en suurbestaande handskoene aan.
 - b) Bedek alle nat gestorte materiaal met Spillow pakke of met los PP.
 - c) Skep die droë gestorte materiaal m.b.v 'n skoppie op.
 - d) Probeer om nie chemikalieë te meng terwyl dit opgeskep word nie. Sien Aanhangel 1 vir 'n lys van onverenigbare chemikalieë.
 - e) Plaas alle droë chemikalieë in 'n stewige plastiëksak, bind toe met viniel bindstrokies, etiketteer as inhoud bekend is en plaas in 'n blou plastiek drom met 'n deksel verskaf deur WasteTech.
 - f) Tel alle gebreekte glas m.b.v 'n tang op en plaas in houers vir gebreekte glas wat in elke laboratorium voorsien word. Neem kennis van inligting op etikette van gebreekte houers beide vir veiligheid en toksisiteit.
 - g) Nadat die Spillow pakke 10-20 keer hul eie gewig geabsorbeer het, is hulle versadig en moet vervang word met nuwe pakke.
 - h) Plaas versadigde Spillow pakke in plastiëksakke in blou plastiek-drom. Versadigde Spillows kan op spesiale stortingsterreine met sand bedek word, geneutraliseer word of verbrand word na gelang van inligting wat van WasteTech verkry word (kontak Guida De Gois by 951 8420)

Prosedure vir die Behandeling van Gekontameneerde personeel

In Geval van Ernstige Besering

- a) **Ernstig beseerde persone** moet as 'n **eerste prioriteit** onmiddelik gehelp word.
- b) **Skakel USBD x2330** en vra vir mediese hulp.
- c) Lig die bg. persoon in oor **die aard van die gevaar**, die hoeveelheid materiaal, die chemiese vorm van die materiaal en enige ander relevante inligting soos ligging.
- d) **Stuur iemand** om die nood mediese personeel te ontmoet.
- e) Maak seker dat **die slagoffer gemaklik is** en nie verder deur ander chemikalieë gekontamineer kan word nie.

In geval van minder ernstige wonde wat nie hospitalisering vereis nie

- a) Sorg dat opgeleide **Noodhulpbeamptes** die persoon onmiddelik behandel.
- b) **Was die gekontameneerde wond** met 'n oorvloed warm water.
- c) **Maak** die aangetaste area met deppers **skoon**.
- d) **Moedige geringe bloeding aan**.
- e) Verseker in geval van gekontameneerde gesigswonde dat die **kontaminasie nie na die mond, ore, oë of neugang versprei nie**.
- f) Wend noodhulp **wondbedekking** na dekontaminasie aan.

As die vel ongeskonde is

- a) Dit is baie belangrik dat oppervlakkige **kontaminasie onmiddelik verwyder word**. Vroegtydige, effektiewe verwydering van kontaminasie kan chemiese blootstelling verminder.
- b) Tydens dekontaminasie van die vel, is dit belangrik om met minder aggressiewe behandelings te begin en sterker behandelings slegs indien nodig, te gebruik. Skawing of enige beskadiging van die veloppervlak moet vermy word aangesien dit vinniger penetrasie deur die chemikalieë sal toelaat. Daarom word 'n **harde skroproses nie aanbeveel nie**.
- c) **Spoel** gekontameneerde area **met 'n oorvloedige hoeveelheid water** af.
- d) Wees versigtig dat **kontaminasie nie** na ander dele van die liggaam **versprei nie**.
- e) **Spoel deeglik af**.
- f) **Herhaal was/spoel proses** verskeie keer en gebruik 'n sagte borsel indien nodig.

Oë, Ore, Neus en Mond

- a) Gebruik **oogwasbak** of stort om oë, ore en neus te spoel.
- b) **Spoel mond uit** met water, maar moenie sluk nie.

Hare

- a) **Gooi kop agteroor** sodat water nie oor gesig loop nie.
- b) Onthou om **oë en mond eers toe te maak**.
- c) **Was liggies met seep en warm water** vir 2-3 minute in wasbak en spoel goed af.

Behandeling van Gekontameneerde Klere

- a) Indien persoon se klere of laboratoriumjas gekontamineer word, is dit nodig om dit so gou as moontlik te verwyder om die persoon se **blootstelling aan chemikalieë te verminder**.
- b) Alle gekontameneerde klere moet **in plastieksakke verseël word** wat deur WasteTech verwyder sal word.
- c) Die **noodstort** kan gebruik word as 'n groot hoeveelheid chemikalieë gestort is.

Chemiese Stortingshouer

- a) Drom met deksel en sluitring met hefboom
- b) Spillow fenoliese skuim absorberende pak of los absorberende PP. Kan vir alle chemikalieë behalwe salpetersuur (HNO_3) gebruik word
- c) Paar neoprene/rubber handskoene
- d) Chemies bestande veiligheidsbril
- e) Twee dik plastieksakke (100 micron dikte van WasteTech)
- f) Twee viniel selfsluitende-bindstrokies
- g) Skoppie om Spillow of los PP mee op te tel
- h) Suurbestande laboratorium jas of plastiek voorskoot
- i) Rubber skoenbeskermers
- j) Gesigskerm met verstelbare kopband
- k) Tang
- l) Sink/jodium/swawel poeier om kwik te absorbeer
- m) Geaktiveerde koolstof/vermikuliet vir 'n kombars effek op beide toksiese en ontvlambare chemikalieë - onderdruk dampe en verminder die risiko van ontbranding en ontploffing
- n) Skoon seesand vir suur wat gesort is